AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 2 AUGUSTUS 2026

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Ons bid vir mense wat deur moeilike tye gaan en dié wat hartseer en verlies ervaar

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Sleutelteks: Matteus 14:22-33
Ander tekste: Genesis 37:1-4, 12-28; Psalm 105:1-6, 16-22, 45b; Romeine 10:5-15

SONDAG, 2 AUGUSTUS

TIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

09:00 Oggenddiens
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Teologiese Kweekskool
Erediensspan 3 – Elda van der Merwe

Na afloop van die Erediens

- Gemeentetee
- Senior Kategese

MAANDAG, 3 AUGUSTUS

19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

DINSDAG, 4 AUGUSTUS

09:30 Senior Burger Bybelstudie
19:00 Eiendomme kommissie vergadering

WOENSDAG, 5 AUGUSTUS

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Biduur – Nagmaal
19:00 Erediens en aanbidding kommissie vergadering

DONDERDAG, 6 AUGUSTUS

19:00 Getuienis aksie kommisse vergadering

Sopkombuis
Sopkokers: Othello: Sarie De Milander, Anna van Tonder, Elize Olivier, Ina Hurter, Beat du Toit, Mirrie Grobler, Mariana Rosenbrock, Marinda Boshoff, Janita Brits, Lorraine Butler

Sop warm maak beurt: Othello: Sarie De Milander

SONDAG, 9 AUGUSTUS

ELFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
NASIONALE VROUEDAG

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad
Erediensspan 4 – Robert Rootman

GEEN

- Kleuter- en Kinderkerk
- Gemeentetee
- Senior Kategese

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Teologiese Kweekskool

Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikant en jeugwerkers. Die uitdrukking Teologiese Kweekskool dui op daardie afdeling/skool in die Fakulteit Teologie van die Universiteit wat predikante vir die bediening in die NG Kerk oplei. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. U voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die Dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

021 887 6819 | toerusting@sun.ac.za

GEMEENTENUUS

1. Imke Steyn, dogter van Pierre en Yolanda Steyn en kleindogter van Piet en Angelique Steyn het die afgelope naweek by die Tygerberg Eisteddfod vir albei haar sangitems Hoogste lof behaal.
2. Adriaan Kaltwasser, seun van Kallie en Amanda Kaltwasser, het sy WP kleure verwerf in Aksiekrieket onder 12.
3. Johan en Miemie Loubser vier Maandag hul 69ste huweliksherdenking.
4. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Jimmy Hattingh vanaf Onrusrivier
   Robbie en Joyce Barnard vanaf Parow
5. Frans Mouton is steeds in die hospitaal.
6. Johnny Wassüng het ‘n operasie ondergaan en dit het goed gegaan.
7. Marie Kühn sterk aan in Intercare Tygervallei.
8. Anne Williams sterk aan in Intercare Tygervallei.
9. Marlene Kotze, dogter van Maatjé van der Westhuizen en suster van Matie Mac Arthur, is oorlede.
10. Dina Paterson (voorheen Viljoenstraat) is oorlede.
11. Tienie Terblanche is die afgelope week oorlede.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

02/08 Judy Steyn(88), Miemie Loubser(90), Anien Heydenrych
03/08 **Mariana van Schalkwyk,** Carol Kotze, Ronél Marais, Mikeryn Pote
04/08 Sylvia Lötter(81), Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche
05/08 Wilna van der Merwe(81), Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough, Cesc Bowers
06/08 Annalien Volschenk, Mark Lewis, Johané Houghton-Hawksle
07/08 Maatjé van der Westhuizen(95), Hyla Harmse(84), Eloma Lloyd, Alé Johannes
08/08 Janré Nieuwoudt, Juanita Horn

KOSMANDJIE

DIE KOSMANDJIE

Hartlike dank aan elkeen vir bydraes tot hierdie projek. Die lewe raak regtig duur en daar is gesinne in ons gemeente wat nou kan doen met 'n hupstoot. Ons bedien tans vier punte. Elke bydrae, hoe klein ook al, word baie waardeer. Finansiële bydraes is ook welkom.

Ons kort tans die volgende produkte :

⌘ langlewemelk	melkpoeier
⌘ kondensmelk	vla
⌘ koffie	koeldrank
⌘ suiker	ontbytgrane
⌘ koekies	droë sopmengsels
⌘ soppoeier	*mince mate*
⌘ spaghetti	soya
⌘ kitspoeding	sout / peper
⌘ ekstrak blokkies	tamatiepasta
⌘ speserye / kruie	blikkies ertjies / mielies / groenbone
⌘ blikkies gemengde groente	*bully beef* / vleis
⌘ sardyne / tuna	blikkies vrugte
⌘ broodsmere	kookolie (750ml)
⌘ asyn	tamatiesous / blatjang
⌘ mayonnaise / mosterd	
⌘ tandepasta	toiletpapier
⌘ tissues	sjampoe
⌘ lyfroom	aanrol deodorant
⌘ opwasmiddel	sponsies
⌘ waspoeier / sunlightseep	

Nogmaals baie dankie vir elke bydrae.

Mandjie groete

Gryp elke grasHolm

Gryp elke grasHolm!

Gryp elke grasHolm gaan oor die silwer randjie van elke donker wolk. Elke stukkie sleg het ’n stukkie snaaks. Marion Holm wil vir die gehoor gee wat almal nodig het: *hoop, humor en harmonie*. Die wêreld is tans deurmekaar; ons moet maar self die komedie maak en die lag skep. *Gryp elke grasHolm* kan jou dalk net help in hierdie soektog na snaaks, sagtheid en sin. In dié nuwe eenvrouvertoning, doen Marion Holm wat sy altyd doen: komedie met ’n groot hart.

Datum:	29 Aug 2026
Tyd:	18:00
Plek:	NG Gemeente Kuilsrivier (Van Riebeeckweg 51)
Koste:	vanaf R160pp

Kaartjies is beskikbaar by die kantoor en na die erediens,
asook by *Quicket.*
https://www.quicket.co.za/events/377189-gryp-elke-grasholm/#/

VROUESONDAG

Augustus is Vrouemaand en ons vier Vrouesondag op 16 Augustus 2026.

Die Vrouedankoffer koevert is by die kerkkantoor beskikbaar.

DAMES OGGEND

SANGFEES

KERKBODE

Die jongste uitgawe van die Kerkbode is by die deure beskikbaar.

Neem gerus een.

SOP EN SOETES 2026

Gemeentekuier – Sop en Soetes 2026

Kom kuier saam vir 'n gesellige aand van lekker kos, goeie geselskap en rugby! Nooi jou familie, vriende en bure en geniet 'n heerlike warm sop met vars brood, 'n glasie soetwyn, koffie, tee en 'n smaaklike nagereg.

Terwyl die rugby uitgesaai word, is daar genoeg tyd om saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Bring gerus jou eie drinkgoed vir die rugby en kom geniet 'n aand van ware gemeente-gemeenskap.

Datum: 22 Augustus 2026
Tyd: Vanaf 17:00
Plek: NG Kerk Kuilsrivier-De Eike – Kerksaal
Koste: R50 per persoon

Kaartjies is elke Sondag ná die erediens in die kerksaal, of gedurende die week by die Kerkkantoor beskikbaar.

Ons sien daarna uit om saam met jou en jou gesin te kuier. Moenie uitmis nie – koop gerus jou kaartjie vroeg!

BYBELS TE KOOP

Die Bybelgenootskap het vir Augustus – VROUEMAAND – ‘n spesiale aanbieding op die volgende Bybels.

- 2020 vertaling – wit leeromslag met duimdrukke
  normale prys R520, beskikbaar teen R301

- 2020 vertaling – bruin leeromslag met duimdrukke
  normale prys R630, beskikbaar teen R220

Ander Bybels, insluitende grootdruk uitgawes is ook beskikbaar teen 30% afslag. Die onderskeie pryse is by die kerkkantoor beskikbaar.

Kontak of besoek Mariana om ‘n bestelling te plaas teen 20 Augustus 2026.

Betaling vind eers plaas by ontvang.

Ideale Kersgeskenke – bestel vroegtydig.

PREEKSKETS - SONDAG

Tema: Is dit die koste werd?

Prediker: Ds Adriaan Vogel

Skriflesing: Jesaja 55 (2020 vertaling)

Wil jy weer daaroor dink?: Meeste gelowiges is bekend met die vers uit Jeremia 29:11, wat sê, "'Ja, ek ken die planne wat ek vir julle het,' is die uitspraak van die Here. 'Dit is planne van voorspoed en nie teenspoed nie, om aan julle 'n toekoms en hoop te gee." Dit word op bekers, kussings en kaartjies. Dis 'n boodskap wat mense herinner dat God vir hulle sal lei in 'n toekoms waaroor hulle onseker voel.

Maar wat gebeur wanneer daardie toekoms uiteindelik 'n werklikheid word? Soms voel die gemak van die bekende meer aanloklik as die onsekerheid van 'n belofte wat nog moet waar word. Wat het die volk gekies? Wat sal ons kies?

Sien jy dit nog raak?: Dit is maklik om gewoond te raak aan iets wat eenmaal spesiaal was. Dit kan so eenvoudig wees soos 'n gunsteling lied of kuier saam met familie wat roetine word. Soek jy nog die spesiale oomblikke in elke dag? Wat is die koste as ons dit mis?

Agtergrond van die teks: Hoekom sal die volk wat so lank gedroom het om terug te beweeg na hul eie land skielik begin twyfel oor daardie besluit?

Lees die teks: Jesaja 55:1-11

Sekere goed kan nie gekoop word nie: Die water is gratis, maar mense weeg steeds hul silwer. Die probleem is dat jy daar 'n koste verbond is aan daardie gratis wyn, water en melk. Maar hoeveel duurder is dit dalk om dit te mis?

Selfs die bekende word omgekeer en op sy kop gedraai: God herinner hulle aan die verhouding wat Hy met Dawid gevestig het. Hy nooi hulle om in daardie verbond te staan. Tog is dit wat hulle ontvang anders.

Tussen hemel en aarde: As God se paaie nie ons paaie is nie, hoe moet ons dan die pad daarheen vind?

Wat is die koste?: Om God te volg het 'n koste. Die genade is gratis, maar dit vra ook dat ons daardie nuwe lewe sal omhels. Soms is mense verwonderd deur 'n wêreld wat al hierdie verskillende beloftes het van 'n betekenisvolle lewe. Maar wat is 'n lewe saam met God vir ons werd?